

15 Desember

Miga 4: 14-5:5

(Teks:5:3) Die koms van die herder

Die vier weke voor Kersfees word "Adventstyd" genoem wat sien op die koms van Christus soos dit in Miga 4:14-5:5 geskrywe staan. Uit Betlehem sal daar 'n heerser kom wat optree soos 'n HERDER. God se volk is 'n kudde (2:12; 4:6-8) en die heerser sal hulle *laat wei* of *lei* soos 'n herder met skape doen. Die heerser regeer nie van sy troon nie. Hy is 'n Herder wat tussen die skape is om hulle te lei en te laat wei. Hy doen dit "deur die krag wat die Here hom gee" (vers 3). Die herder moet *sag- moedig* en kragtig wees (Jes 9:5; 11:2), want hy moet sy kudde beskerm teen roofdiere en rowers. Calvyn skryf dat soveel krag daar in God is, soveel beskerming sal daar in Christus wees. Christus noem Homself die *goeie herder* (Joh 10) met 'n opdrag: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorfloed" (Joh 10:10). Die krag waarmee Hy sal optree, word verder genoem: "die sterkte van die Naam van die Here sy God" (Miga 5:3). In Christus wat uit Maria gebore is, word 'n Herder gegee. As Herder wil die Here ons lei, laat wei, beskerm. Ons is sy skape, duur gekoop met die bloed van die Lam. Die skape en lammers van sy kudde wil Christus, die goeie Herder, goed versorg. Kersfees is inderwaarheid *Herderfees*, fees van versorging, leiding en verlossing.

Sing Psalm 23:1,2 en 3 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)